# Les 6 VERLOSTE KINDERS: DIE HERE IS HEILIG, SONDER SMET EN ONBERISPELIK

Verlede keer het ons gesien die Here is barmhartig. ‘Barmhartig’ beteken die Here straf ons nie vir ons sonde nie. Hy vat self ons straf op Hom.

| Opsomming: die Here is heilig, sonder smet en onberispelik. |
|---|

Kernvers: Kolossense 1 vers 22 “[22]Maar *nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel.”*

**1. Drie woorde wat ons wys wie Jesus is**

In hierdie vers in die Bybel kry ons drie woorde wat vir ons wys wie Jesus vandag is. Kyk weer na die vers. Die drie woorde is: ‘heilig’, ‘sonder smet’ en ‘onberispelik’.

Hierdie drie woorde wys vir ons hoe Jesus as mens geleef het toe Hy op aarde was, en hoe Hy vandag nog in die hemel as ’n mens leef. Jesus leef heilig. Jesus leef sonder smet. Jesus leef onberispelik.

**2. Nuwe skoon klere**

Wat beteken hierdie woord ‘heilig’? Dit is ’n baie moeilike woord. Daarom kan ons ’n voorbeeld gebruik om hierdie woord vir ons makliker verstaanbaar te maak.

Die voorbeeld is – skoon klere. Hoe is ’n nuwe hemp as jy hom nou net in die winkel gekoop het? Hy is skoon en blink. Hy is nie vuil en dof nie.

Dit is wat die woord ‘heilig’ beteken. Die woord ‘heilig’ beteken skoon en blink. Nie skoon en blink klere nie, maar ’n skoon en blink lewe. Om skoon en blink te leef beteken dat jy nie vuil leef nie. Jy doen nie dinge wat jou lewe vuil maak nie.

Dit is wat sonde doen: wanneer jy ongehoorsaam aan jou ouers is, dan leef jy vuil; wanneer jy slegpraat en slegdink van jou onderwysers, dan leef jy vuil; wanneer jy jok, goed vat wat nie joune is nie en altyd ander kinders se goed wil hê omdat jy nie tevrede met jou eie is nie, dan leef jy vuil. Dit vat daardie blinkheid uit jou lewe uit. Dit maak jou lewe dof.

**3. Klere sonder kolle**

Kom ons kyk ’n bietjie na die woord ‘smet’.

Wat gebeur as jy eet en daar mors tamatiesous of vet op jou klere? Dan sit daar so ’n rooi kol of vetkol wat moeilik weggaan. Hoe lyk klere met sulke ou vet- en tamatiesouskolle op? Dit

lyk nie goed nie. Maak nie saak hoe skoon die klere is nie. Daardie kol staan só uit dat dit die klere oud en sleg laat lyk.

‘Smet’ is die kolle wat mense op hulle lewe kry wanneer hulle die Here se wet oortree. Wat gebeur as ’n kind te veel drink en dronk was by ’n partytjie? Dan praat almal en sê hy was dronk. Daardie dronkwees word ’n kol wat op sy lewe gaan sit. Daar is baie goed wat mense doen wat hulle lewe sulke kolle op laat kry: hulle vat goed en dan kry hulle ’n diefkol op hulle lewe; hulle baklei en maak mense seer, en dan kry hulle ’n boeliekol op hulle lewe; hulle vloek en vertel lelike dinge, dan kry hulle ’n vuilmondkol op hulle lewe.

Kan julle aan nog sulke kolle dink en hulle noem?

‘Smet’ beteken dat mense sulke vuil kolle op hulle lewe kry.

**4. Klere sonder kreukels**

Hoekom lyk nuwe klere so spoggerig? Want dit is glad gestryk. Oor klere wat so mooi glad gestryk is, sê mense mooi dinge. Maar met gekreukelde klere is dit anders. Gekreukelde klere wys dat jy sommer so met jou klere gelê en slaap het.

Dit is wat die woord ‘onberispelik’ beteken. Dit wys dat iemand só lewe dat sy lewe sonder kreukels is. Sy lewe is mooi glad gestryk en spoggerig. ’n Mens se lewe is onberispelik wanneer hy reg doen en nie lui rondlê en niksdoen nie.

Wanneer jy jou huiswerk doen, dan is jou lewe onberispelik. Alles reg en glad gestryk. Die juffrou sê mooi dinge oor jou en kritiseer jou vir niks nie. ‘Berispelik’ beteken dat jy niks reg doen nie en alles vol foute is in jou lewe.

**5. Die Here lewe heilig, sonder smet en onberispelik**

Kom ons kyk weer of ons hierdie teks kan verstaan.

- ‘Die Here Jesus lewe heilig’ beteken die Here leef skoon en blink. Hy doen alles wat God die Vader vir Hom sê.
- ‘Die Here Jesus lewe sonder smet’ beteken dat die Here só geleef het, en vandág nog leef, dat daar nie ’n kol op Sy lewe is nie.
- ‘Die Here lewe onberispelik’ beteken dat die Here alles reg doen en nooit foute maak nie.

**6. Die Here het van kleins af so geleef**

Vandat die Here as ’n babatjie gebore is, het Hy só geleef: heilig, sonder smet en onberispelik. Dit beteken skoon, sonder kolle en altyd reg, sonder foute. Toe die Here so

groot soos julle was, het Hy só geleef. Toe Hy ’n tiener was soos die kinders op hoërskool, het Hy só geleef. Toe Hy so groot soos julle pa’s en ma’s was, het Hy óók so geleef.

Daarom is die Here vandag heilig, sonder smet en onberispelik. Hy is só omdat Hy op aarde so geleef het, en vandág nog in die hemel so leef.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

________________________________

Handtekening: ouer of voog